**Augustus 2016**

Liewe vriendinne,

Hierdie maand het ek gepeins oor die wonderlike karakter en dade van God. In Psalm 9 sien ons Koning Dawid praat van God as ons regverdige regter. In dié Psalm, prys Dawid die Here dat Hy sy regverdigheid openbaar in sy oordeel oor die bose nasies. Dan, terwyl hy bid vir nuwe geleenthede om God se genade te onthou, is Dawid seker van God se voortgesette oordeel oor die bose en van vryheid vir diegene wat verdruk is en ly.

Dawid smeek God om vinnig te kom en sy Heilige krag te wys en te heers oor die bose nasies. Hy gaan verder om te bid dat God Dawid se lyding en pyn sal onthou en hom selfs meer redes te gee om die Here te prys.

2 Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van u magtige reddingsdade vertel. 3 Oor U wil ek my verbly
en vrolik wees, u Naam wil ek besing, o Allerhoogste.

4 Toe U verskyn het, het my vyande gevlug, hulle het gestruikel en omgekom. 5 Toe U op die troon gaan
sit het as betroubare regter, het U aan my reg laat geskied. 6 U het die nasies met vernietiging gedreig,
die skuldiges laat omkom, hulle naam vir altyd uitgewis.

14 Wees my genadig, Here, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen het, U wat terugruk uit die
poorte van die dood. 15 Dan kan ek van al u roemryke dade vertel, in die poorte van Sion kan ek juig oor
die uitkoms wat U gegee het. Psalm 9:2–6; 14–15.

Tog, selfs te midde van ‘n bose nasie en bose mense, herinner Dawid ons dat:

1) **God is ‘n vesting (plek van beskerming) vir die verdruktes.**
2) **Hy verlaat nie diegene wat Hom soek nie.**
3) **Hy vergeet nie die uitroep van die bedroefdes nie.**

10 Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die Here ‘n toevlug, ‘n skuilplek in tye van nood. 11 Daarom
vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie. 12 Sing
tot eer van die Here wat op Sion woon, vertel die volke van sy dade! 13 Hy dink aan die onskuldiges en
wreek hulle dood, Hy verontagsaam nie die geroep van dié wat in nood verkeer nie.

Laat ons, wat Hom ken, ons vertroue in Hom stel en ons gebede vandag na die Here bring, wetende, en in geloof dat Hy ons uitroepe hoor en nie die uitroepe van diegene in pyn sal ignoreer nie. God is ons regverdige regter en Jesus is ons Koning. Ons kan vandag hoop hê!

Mag God julle seën,

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna

**Getuinis van Albanië**

Vir baie jare het ons nie ‘n kerk in ons dorp gehad nie. Toe ons hoor van die radioprogramme, was ons so bly. Julle radioprogramme het ons gehelp om te groei in die Here. Ek wil julle dank vir die “Women of Hope” program. Deur te luister daarna, het ek baie informasie verkry en geleer hoe om nader aan God te wees**. Jorgjie.**

Ek is blind van geboorte en ek luister na al julle programme. “Women of Hope” is een van daardie programme waarvan ek regtig hou. Ek luister elke Saterdag en Sondag daarna. Daardie programme het my gehelp om sterk te word in die Here. **Antigoni.**

Ek is ‘n gereelde luisteraar van julle programme. “Women of Hope” is ‘n groot aanmoedinging vir my. Ek het besluit om Jesus te volg, en ek wil weet hoe om ander beter te dien. Ek het ‘n moeilike lewe gehad en het gely onder geweld by die huis. Maar in elke probleem het ek Christus in my lewe gesien. Ek het verstaan dat deur die moeilikhede, skep God ‘n nuwe persoon in ons. Die Heilige Gees herinner my van die vers: “hou moed, Ek het die wêreld klaar oorwin.” **Jeta.**

Ek dank God vir die “Women of Hope” program. Ek het nuwe dinge geleer soos hoe om myself en my kinders te versorg. Een dag het ek julle hoor praat oor kinders wat siek is met verkoue. Die informasie wat ek daar verkry het was baie belangrik. Ek het nie geweet van die maniere wat die virus van een kind na ‘n ander oorgedra word nie. Ek het notas gemaak van die maniere en was baie versigtig toe een van my kinders ‘n verkoue-virus gehad het. Ek het ook nie geweet dat kinders baie vloeistof moet drink as hulle siek is nie. Dankie vir alles. **Lumturi.**

Ek het twee miskrame gehad, en dit was baie moeilik vir my om te glo dat God vir my ‘n kind sal gee. ‘n Vriendin van my het my genooi om kerk toe te gaan. Ek het aangehou om kerk toe te gaan en tot God te bid. Hy het ‘n groot wonderwerk in my lewe gedoen. Hy het my geseën met twee kinders en ek verwag die derde een. Ek dank God vir julle “Women of Hope” program. Dit is ‘n wonderlike program wat nie net vir ons nuttige wenke leer nie, maar ook ons siele kalmeer. Mag die Here julle seen! **Silvana.**

Ek het grootgeword in ‘n ateïstiese familie. Ek is getroud toe ek 17 jaar oud was. Ons het besluit om Griekeland toe te gaan om ons daaglikse brood te verdien. Ons het twee kinders. Na ‘n tyd, was my man in ‘n ongeluk en is oorlede. Ek het teruggekom na Albanië, en gehoor van ‘n Christelike kerk. Ek het begin om na daardie kerk te gaan saam met my twee kinders. Ek het die God wat my ondersteun. het en my groot krag gegee het om my kinders groot te maak, leer ken. Die gebede wat ek hoor in julle gebedskalender-radioprogram en die “Women of Hope”program gee my krag. **Alma.**

Baie dankie vir julle radioprogramme. Ek hoor julle gebedsprogram in die oggend. Julle het my aangespoor om te bid. Ek gaan na die kerk, en nou weet ek dat God na gebede luister. Een dag het ek vir my ouma gebid. Sy was siek en het beter geword. Die dokters het gesê sy hoef nie meer geopereer te word nie. Ek was regtig bly en ek het geweet dat God my gebede beantwoord het. Ek het ook vir my pa gebid. Hy was verslaaf aan alkohol. Ek dank God dat hy nou nie meer drink nie. God seën julle. **Stelina, 16.**

Ek is ‘n man, maar ek hou baie van julle gebedsprogram. Die onderwerpe wat julle bespreek in hierdie gebedskalender is baie behulpsaam. Ek het baie geleer van die situasie waarin vroue verkeer regoor die wêreld. Somtyds is dit wat ek gehoor het op julle program vir my ongelooflik, veral wanneer ek hoor dat ouers hul dogters verkoop vir ‘n bruidskat. Dankie vir die bewusmaking wat julle vir ons gee. **Sofokli.**

Ek woon in Amerika, maar ek hou baie van julle gebedskalender in Albanies. Ek luister aanlyn na julle gebedskalender-radioprogram, en ek is geseën deur julle gebedsversoeke. Ek so bly dat julle vir moeders bid. Ek is ‘n moeder van twee kinders, en ek weet dat dit baie moeilik is om vir kinders te sorg en om hulle die regte pad te leer, so baie dankie vir julle gebede. **Ori, Facebook**.